

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2024

**EKONOMIE V1
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 23 bladsye.

AFDELING A: (VERPLIGTEND)**VRAAG 1****1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

- 1.1.1 D – hernubare ✓✓
- 1.1.2 B – duursaam ✓✓
- 1.1.3 A – markeconomie ✓✓
- 1.1.4 C – vervoer en kommunikasie ✓✓
- 1.1.5 A – progressief ✓✓
- 1.1.6 C – krugboorte ✓✓
- 1.1.7 B – repokoers ✓✓
- 1.1.8 D – Verbruikersprysindeks ✓✓

(8 x 2) (16)

1.2 PASITEMS

- 1.2.1 I – gebruik van geestelike en fisiese inspanning om goedere en dienste te produseer ✓
- 1.2.2 D – waar goedere en dienste met ander lande verhandel word ✓
- 1.2.3 G – vind plaas wanneer die staat eienaarskap van besighede van die private sektor oorneem ✓
- 1.2.4 B – vind plaas wanneer skaars hulpbronne gemors word wanneer verkeerde produksiebesluite geneem word ✓
- 1.2.5 A – die waarde van uitsette verkry uit die vervaardiging van een inset ✓
- 1.2.6 E – opsommende saamgestelde maatstaf van 'n land se gemiddelde pretasies van gesondheid, kennis en lewenstandaard ✓
- 1.2.7 C – algemene styging in die pryse en daling van koopkrag ✓
- 1.2.8 H – die basiese geriewe, dienste en installasies wat nodig is in die funksionering van die ekonomie ✓

(8 x 1) (8)

1.3 GEE DIE TERM

1.3.1 Kapitaalverbreiding ✓

1.3.2 Ekonomiese goedere ✓

1.3.3 Bruto nasionale inkomste ✓

1.3.4 Inkomste ✓

1.3.5 Geld ✓

1.3.6 Volhoubare ontwikkeling ✓✓

(6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK

VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Noem enige TWEE faktore wat die prys van natuurlike hulpbronne beïnvloed.**

- Vraag en Aanbod ✓
- Klimaat ✓
- Ligging ✓
- Kwaliteit of hulpbronne ✓
- Tegnologie ✓

(2)

2.1.2 **Hoe kan die Suid-Afrikaanse regering hulle verkrygingstselsel gebruik om ekonomiese gemarginaliseerde groepe op te hef?**

Die regering kan die toegang van ekonomiese gemarginaliseerde groepe verbeter deur:

- Verseker dit voldoen aan die Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtingingswet. ✓✓
- Tersydestelling van kontrakte vir klein, medium en mikro - ondernemings (KMMOs) insluitend dié wat aan historiese benadeelde individue behoort / reserveer kontrakte vir historiese benadeelde individue. ✓✓
- Kanaliseer fondse na besighede wat aan voorheen benadeelde groepe behoort. ✓
- Beleggingsfondse te rig na onderontwikkelde en benadeelde landelike gemeenskappe deur middel van konvensionele konstruksie-projekte. ✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord)

(2)

2.2 DATARESPONS

2.2.1 **Identifiseer die produksiefaktor gemerk 3 uit die prentjie hierbo.**

Kapitaal ✓

(1)

2.2.2 **Noem EEN faktor wat die kwaliteit van die werksmag (arbeid) beïnvloed.**

- Onderwys/vaardigheidsopleiding ✓
- Gesondheidsorg ✓
- Ervaring ✓

(Enige 1) (1)

2.2.3 **Verduidelik kortliks die term *ekonomiese huur*.**

'n Onverdiende ekstra inkomste waarvoor die hulpbroneienaar niks gedoen het nie / 'n bybetaling aan, of vir 'n produksiefaktor bo en behalwe die bedrag wat deur sy eienaar verwag word. ✓✓

(2)

2.2.4 Verduidelik die rol wat entrepreneurs in die ekonomie speel.

- Entrepreneurs speel 'n sleutelrol in die vorming van die ekonomie deur nuwe firmas/besighede te begin. ✓✓
- Die skepping van nuwe besighede kan bydra tot die ontwikkeling van 'n meer diverse en dinamiese ekonomie. ✓✓
- Entrepreneurs bevorder innovasie en mededinging, wat lei tot nuwe verbeterde goedere en dienste wat tot ekonomiese groei en ontwikkeling bydra. ✓✓
- Entrepreneurs voorsien toegang tot goedere en dienste en verbeter die algehele lewenstandaard. ✓✓
- Entrepreneurs het die potensiaal om mense uit armoede te lig deur werkskepping en stimulering van ekonomiese aktiwiteite. ✓✓
- Entrepreneurs kan kapitaalvorming aanmoedig deur beleggings te lok. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord.)

(2)

2.2.5 Hoe kan kapitaalvorming meer positief tot die ekonomie bydra?

- Die akkumulasie van kapitaalgoedere lei na belegging en produksie van goedere en dienste, wat die inkomste van die bevolking moet bevorder en die vraag moet stimuleer. ✓✓
- Wanneer die voorraadkapitaal in 'n land groei teen 'n tempo wat groter is as die groeikoers van sy arbeidsmag, sal dit lei tot 'n toename in die reële BBP. ✓✓
- Nuwe kapitaalgoedere kan doeltreffendheid en produktiwiteit verbeter wat lei tot hoër uitsette en beter kwaliteit goedere. ✓✓
- Investerings in kapitaalgoedere kan lei tot skepping van nuwe werke. ✓✓
- Kapitaalvorming kan lei tot hoër inkomstes en verbeterde lewenstandaard. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord)

(2 x 2)

(4)

2.3 DATARESPONS

2.3.1 Identifiseer die klassifikasie van plaaslike verbruikersbesteding deur die regering in die grafiek hierbo.

Funksionele klassifikasie ✓

(1)

2.3.2 Noem enige EEN voorbeeld van sosiale dienste

- Omgewingsbeskerming ✓
- Behuising /gemeenskaplike geriewe ✓
- Gesondheid ✓
- Onderwys ✓
- Ontspanning, kultuur en geloof ✓
- Sosiale beskerming/bestaansveiligheid en welsyn ✓
- Openbare orde en veiligheid ✓

(Enige 1)

(1)

2.3.3 Verduidelik kortliks die term *inspuiting*.

Dit is die invoering van inkomste in die sirkulere vloei soos beleggings, staatsbesteding en uitvoerinkomste ✓✓

(2)

2.3.4 Waarom is invoere nie in plaaslike besteding ingesluit nie?

- Invoere vorm nie deel van plaaslike produksie nie ✓✓
- Invoere word geproduseer in die res van die wêreld ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord)

(2)

2.3.5 Analiseer die belangrikheid van regeringsbesteding in die ekonomie.

- Regeringsbesteding help om die ekonomie te stabiliseer gedurende tye van resessie of depressie deur gemiddelde vraag te vermeerder. ✓✓
- Regeringsbelegging in infrastruktuur, onderwys kan die ekonomiese groei en ontwikkeling 'n hupstoot gee. ✓✓
- Regeringsbesteding kan direkte werkseleenthede skep (bv in die openbare sektor) en indirek (bv. deur infrastruktuur projekte). ✓✓
- Regeringsbesteding kan inkomste ongelykhede verminder deur sosiale welsynsprogramme. ✓✓
- Regering voorsien noodsaaklike openbare goedere en dienste soos verdediging, onderwys, gesondheid en infrastruktuur wat die hele gemeenskap laat voordeel trek. ✓✓
- Regeringsbefondsing vir Navorsing en Ontwikkeling is dryf innovasie en tegnologiese vordering. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord)

(2 x 2)

(4)

2.4 Verduidelik die rol (belangrikheid) van die nasionale rekening-gemiddeldes.

Die nasionale rekeninggemiddeldes is nuttig vir:

- Dui die ekonomiese aktiwiteite binne 'n land aan. ✓✓
- Ekonomiese groei van een jaar na die volgende te meet. ✓✓
- Bepaal die lewenstandaard van 'n land. ✓✓
- Vergelyk die welvaartsvlakke tussen lande. ✓✓
- Verskaf waardevolle insigte vir besighede wat hulle help om ingeligte besluite te neem. ✓✓
- Dien as maatstawwe om die doeltreffendheid van ekonomiese beleide, soos fiskale stimuluspakkette of monetêre beleidsbesluite te assesser. ✓✓

(Allokeer 'n maksimum van 4 punte vir blote lys van feite)

(8)

2.5 Evalueer die moontlike oorsake van die voortslepende energiekrisis in Suid-Afrika.

- Verouderde infrastruktuur – baie van die nasie se elektrisiteits-opwekkingsinfrastruktuur moet vervang word. ✓✓
- Eskom se rekord vir die bou van nuwe opwekkingskapasiteit, sedert die krisis in 2007 begin het, was nie goed nie. ✓✓
- Swak prestasie van Eskom se steenkoolvloot – nie een van die steenkoolaanlegte in Eskomvloot werk op volle kapasiteit nie. ✓✓
- Steenkool aangedrewe energie is te duur vir Eskom om mee tred te hou met – Eskom het ongeveer 400 biljoen rand se skuld vir dienste deur gereelde regeringsreddingsboei. ✓✓ Opsiklus gasturbines wat tydens mislukkinge in die steenkoolvloot gebruik word, benodig diesel om te loop en dit kom teen 'n groot koste vir die kragvoorsiener. ✓✓
- Korruptsie en wanbestuur van fondse – wanbestuur van fondse het daartoe gelei dat Eskom dieper in skuld verval het waar die regering nie meer 'n reddingsboei kan bekostig nie ✓✓ 'n Nalatenskap van wanbestuur, gebrekkige beplanning, misbruik van beskikbare hulpbronne, die apatie van die regering en korruptsie speel ook 'n rol in die land se elektrisiteitsvoorsieningstekorte. ✓✓
- Gebrek aan vordering met die toevoeging van nuwe opwekkingskapasiteit tot die nasionale netwerk - die nodige instandhouding van aanlegte is vertraag om beurtkrag te vermy. ✓✓ Die toevoeging van nuwe hernubare energiekapasiteit tot die nasionale netwerk sal hierdie probleme oplos. ✓✓
- Hindernisse wat deur die regering geskep is, het dit tot onlangs byna onmoontlik gemaak om alternatiewe energiebronne te gebruik. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord)

(Allokeer 'n maksimum van 2 punte vir blote lys of opnoem van feite)

(8)

[40]

VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES**40 PUNTE – 30 MINUTE****3.1 Beantwoord die volgende vrae.****3.1.1 Noem TWEE funksies van die Suid-Afrikaanse Reserwebank.**

- Bankier van handelsbanke ✓
 - 'n Bankier van die regering ✓
 - 'n Bewaarder van goud en buitelandse valuta ✓
 - Voorsien ekonomiese en statistiese dienste ✓
- (Aanvaar enige ander relevante antwoord.)

(2 x 1) (2)**3.1.2 Hoekom is rykdom belangriker as inkomste?**

- Rykdom is belangriker aangesien dit 'n veiligheidsnet en finansiële stabiliteit bied ✓, en rykdom kan groei oor 'n tydperk deur goeie beleggings, genereer meer inkomste en verhoog die net waarde ✓
- Inkomste laat 'n persoon toe om sy behoeftes te bevredig en streef na ander doelwitte wat hulle vir hulle lewens belangrik ag ✓, terwyl rykdom dit moontlik maak om hierdie keuses oor 'n tydperk te volhou. ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(1 x 2) (2)**3.2 DATARESPONS****3.2.1 Identifiseer 'n rede vir die hoër Gini-koëffisiënt in Suid-Afrika uit die inligting hierbo.**

Hoë werkloosheid

(1)**3.2.2 Dui aan wat 'n Gini-koëffisiënt van een beteken.**

Dit beteken dat 'n land se inkomsteverdeling gelyk is. ✓

(1)**3.2.3 Verduidelik kortliks die term *inkomsteverspreiding***

Inkomsteverspreiding verwys na die wyse waarop inkomste toegewys word/verdeel tussen individue of groepe binne 'n bevolking of ekonomie. ✓✓

(2)**3.2.4 Verduidelik die gebruik van die Gini-koëffisiënt om ongelykhede in inkomste te meet.**

- 'n Laer Gini-koëffisiënt (nader aan nul), dui aan dat 'n land se inkomsteverdeling amper gelyk is. ✓✓
- 'n Gini-koëffisiënt van nul verteenwoordig 'n situasie waar almal dieselfde inkomste het ✓✓ terwyl 'n koëffisiënt van een 'n situasie verteenwoordig waar een persoon al die inkomste besit. ✓✓
- 'n Hoër Gini-koëffisiënt (nader aan een), dui aan dat 'n land se inkomste – verdeling meer ongelyk is. ✓✓
- Die Gini-koëffisiënt kan verander van 0 (volmaakte gelykheid) tot 1 (perfekte ongelykheid). ✓✓

(2)

3.2.5 **Onderzoek die impak van inkome-ongelykheid op die Suid-Afrikaanse ekonomie.**

- Inkome-ongelykheid kan lei tot verhoogde armoede, haweloosheid en ekonomiese onsekerheid. ✓✓
- Inkome-ongelykheid kan gevoelens van frustrasies, wrok, sosiale onrus en politieke onstabiliteit aanwakker. ✓✓
- Inkome-ongelykheid kan ekonomiese groei beperk, laer- en middel-inkomste huishoudings sal laer besteebare inkomste het. ✓✓
- Laer ekonomiese groei kan 'n laer belastinginkomste en verhoogde staatskuld tot gevolg hê. ✓✓
- Inkome-ongelykheid kan lei tot verhoogde ongelykheid wat lei tot verhoogde gesondheidsprobleme soos geestes gesondheidskwessies, vetsug en ander gesondheidsverwante kwessies wat lewensverwagting kan verlaag. ✓✓
- Inkome-ongelykheid kan toegang tot kwaliteit onderwys beperk wat die siklus van ongelykheid voortsit. ✓✓
- Inkome-ongelykheid kan lei tot vermindering van ekonomiese mobiliteit, wat dit moeilik maak vir individu om hul ekonomiese status te verbeter, wat innovering en entrepreneurskap ontmoedig. ✓✓
- Misdaadsyfer en misdadigersaktiwiteite kan toeneem as gevolg van inkomste-ongelykheid. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord)

(2 x 2) (4)

DATARESPONS

3.3.1 **Identifiseer 'n rede vir bankmislukkings uit die inligting hierbo.**

Stygende rentekoerse ✓

Dalende kommersiële eiendomswaardes ✓

(1)

3.3.2 **Noem 'n gevolg van bankmislukkings.**

- Gebrek aan selfvertroue in banksektor ✓
- Beleggers kan hulle geld verloor ✓
- Bankpaniek ✓
- Bankloop ✓
- Negatiewe persepsie ✓
- Werkloosheid ✓

(Enige 1) (1)

3.3.3 **Verduidelik kortliks die term *bankmislukkings*.**

Bankmislukkings vind plaas wanneer 'n bank nie in staat is om sy verpligtinge teenoor sy beleggers of ander krediteure na te kom nie omdat dit insolvent is of nie bates het om sy verpligtinge na te kom nie. ✓✓

(2)

3.3.4 **Verduidelik die basiese beginsels van kredietskepping deur banke.**

- Kredietskepping verwys na die lenings wat banke beskikbaar stel. ✓✓
- Die banke verkoop geld deur die toestaan van lenings. ✓✓
- Banke is finansiële instellings wat dien as 'n skakel tussen mense wat deposito's maak en mense wat lenings uitneem. ✓✓
- Hulle mobiliseer die spaargeld van sommige mense om beskikbaar gemaak te word as lenings vir ander mense wat dit benodig. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(2)

3.3.5 **Onderzoek die verhouding tussen bankmislukkings en ekonomiese aktiwiteite.**

- Bankmislukkings belemmer geldvoorraad in die ekonomie. ✓✓
- Wanneer 'n bank misluk, verminder hy sy uitleen, wat kan lei tot 'n kredietkrisis wat dit vir besighede en individue moeilik maak vir toegang tot krediet. ✓✓
- Bankmislukkings kan tot 'n daling in ekonomiese groei lei, soos krediet minder beskikbaar raak en beleggings verminder. ✓✓
- Bankmislukkings kan lei tot verlies van deposito's, wat kan lei tot minder verbruikersbesteding en investering. ✓✓
- Bankmislukkings kan lei tot verhoogde werkloosheid, en besighede sal sodoende sukkel om krediet te kry en word dan geforseer af te skaal of toe te maak. ✓✓
- Gedurende likwidasië van banke word bates verkoop om beleggers te betaal. ✓✓
- Dit kan baie lank vat en veroorsaak 'n verlies aan waarde van geld. ✓✓
- Wanneer 'n bank misluk, veroorsaak dit dat ander banke 'n inkrimping van geldvoorraad het. ✓✓
- Die ander banke kan pessimisties raak oor die ekonomie en probeer om hulle uitleen in die ekonomie te verminder. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante Antwoord.)

(2 x 2) (4)

3.4 **Onderskei tussen ekonomiese groei en ekonomiese ontwikkeling.**

Ekonomiese Groei	Ekonomiese Ontwikkeling
• Is 'n styging in die produktiewe kapasiteit van die ekonomie ✓✓	• Is 'n styging in die lewenstandaard van mense in 'n land ✓✓
• Word gemeet as 'n persentasie verandering in reële BBP ✓✓	• Handel oor kwessies soos opvoedkundige geletterdheid, gesondheidsorg, indiensneming en omgewingsvolhoubaarheid ✓✓
• Betrokke by goedere en dienste ✓✓	• Betrokke by mense en menslike ontwikkeling ✓✓
• Is noodsaaklike insette vir ekonomiese ontwikkeling ✓✓ (Enige 2 x 2)	• Groei moet lei tot ontwikkeling ✓✓ (Enige 2 x 2)

(8)

3.5 Ontleed die monetêre beleid deur te fokus op die instrumente wat deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) gebruik word.

Rentekoerse ✓

- Die rentekoerse, gebaseer op die repokoers, is die hoofinstrument wat die SARB gebruik om sy monetêre beleid te implementeer. ✓✓
- Gedurende die sametrekking van ekonomiese aktiwiteite, sal die SARB die repokoers verminder om die ekonomie te stimuleer. ✓✓
- Wanneer daar inflasionêre druk is, sal die SARB die repokoers laat styg en banke sal die prima uitleenkoers vermeerder. ✓✓

Kontantreserwevereistes ✓

- Die SARB kan die aanbod van geld beïnvloed deur die persentasie deposito's wat banke as kontantreserwes moet hou, te verander. ✓✓
- Wanneer die SARB die geldvoorraad moet beperk, sal dit die persentasie kontantreserwes verhoog. ✓✓

Opemarktransaksies ✓

- Opemarktransaksies sluit die koop en verkoop van staatsekuriteite in. ✓✓
- Wanneer die SARB die geldvoorraad wil beperk, verkoop hulle sekuriteite aan banke. ✓✓
- Die banke het dan minder geld beskikbaar om lenings toe te staan. ✓✓
- Wanneer die SARB die beskikbaarheid van geld vermeerder en die ekonomie stimuleer, koop hulle sekuriteite van banke. ✓✓

Morele oorreding ✓

- Die SARB kan morele oorreding gebruik om banke te vra om meer versigtig te wees met die toekenning van lenings. ✓✓
- Die Reserwebank kan ook morele oorreding gebruik om verbruikers te waarsku om nie te veel geld te spandeer gedurende die tye van inflasie nie. ✓✓

(Allokeer 'n maksimum van 2 punte vir blote lys van feite)

(4 x 2) (8)
[40]

VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**40 PUNTE – 30 MINUTE****4.1 Beantwoord die volgende vrae.****4.1.1 Noem enige TWEE vorme van energie infrastruktuur.**

- Elektrisiteit (steenkool, wind, sonkrag, son, golwe) ✓
- Kernkrag ✓
- Hydro-elektriese aanlegte ✓
- Brand van olie en gas ✓
- Brand van hout ✓

(2 x 1) (2)

4.1.2 Hoe trek plaaslike mense voordeel uit inheemse kennis?

- Inheemse kennis sal plaaslike mense help met tekorte aan voedsel deur gebruik te maak van tradisionele kennis vir preservering van voedsel. ✓✓
- Inheemse kennis help om kulturele erfenis en tradisionele praktyke te bewaar, bevorder kulturele identiteit en gemeenskapsamehorigheid. ✓✓
- Inheemse kennis sluit tradisionele genesingspraktyke, medisyne, en gesondheidsmiddels in, wat moderne gesondheidsorg kan komplimenteer. ✓✓
- Inheemse kennis kan innoverende oplossings, produkte en dienste inspireer wat plaaslike entrepreneurskap en ekonomiese ontwikkeling bevorder. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord) (2)

4.2 DATARESPONS**4.2.1 Identifiseer 'n nywerheid met die laagste bydrae in die grafiek hierbo.**

Vervoer, berging en kommunikasie / -1.9% ✓

(1)

4.2.2 Noem EEN operasie in die primêre sektor.

- Landbou ✓
- Bosbou ✓
- Vissery ✓
- Mynbou en steengroef ✓

(Enige 1) (1)

4.2.3 Verduidelik kortliks die term *nywerheid*

Verwys na alle sake-ondernemings wat dieselfde tipe goed of produk produseer. ✓✓

(2)

4.2.4 Verduidelik die belangrikheid van die sekondêre sektor in die ekonomie.

- Die sekondêre sektor is arbeidsintensief wat die ekonomie help om baie werkseleenthede te skep en werkloosheid te verminder. ✓✓
- Dit help om rou materiaal te proses in klaar produkte wat uitgevoer kan word teen hoër pryse en genereer meer inkomste vir die ekonomie. ✓✓
- Help om die belastingbasis van die regering uit te brei en lewer 'n bydrae tot die BBP. ✓✓
- Die sektor lewer 'n bydrae tot ekonomiese groei wat verbruikers die keuse gee tot 'n verskeidenheid van goedere en dienste. ✓✓ (1 x 2) (2)

4.2.5 Hoe sal 'n verbeterde infrastruktuur bydra tot 'n styging in die lewenskwaliteit?

'n Verbeterde infrastruktuur kan 'n bydrae lewer tot 'n styging in die lewenskwaliteit deur:

- vervoer van goedere en dienste, en verseker dat mense toegang tot werk, skole en ontspanningsgeriewe het, wat 'n belangrike rol in die ekonomie speel. ✓✓
- goedere en dienste doeltreffend oor grense heen te verskuif (uitvoere en invoere). ✓✓
- om huishoudings regoor metropolitaanse gebiede te verbind met geleenthede van hoër gehalte vir indiensneming. ✓✓
- stimuleer ekonomiese groei veral in plattelandse gebiede /deur by te dra tot die bruto binnelandse produk in 'n land. ✓✓
- maak dit moontlik vir mense om besigheid te doen met besighede van enige plek in die wêreld deur verbeterde kommunikasie/tegnologie. ✓✓
- kennis opdoen deur verbeterde kommunikasie wat entrepreneurs help om meer korrekte besigheidsbesluite te neem. ✓✓
- verseker dat die korrekte inligting die regte persoon teen die regte tyd bereik. ✓✓
- verskaffing van betroubare kragtoevoer, aangesien elke aspek van ons lewens krag (energie) vereis en moderne ekonomieë kan nie sonder 'n betroubare kragtoevoer funksioneer nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord)

(2 x 2)

(4)

4.3 DATARESPONS

- 4.3.1 **Identifiseer Suid-Afrika se herverdelingsmetode soos genoem uit die uittreksel hierbo.**
Regstellende aksie ✓ (1)
- 4.3.2 **Noem die tipe belasting wat gehef word op die wins wat verkry word wanneer kapitaalgoedere verkoop word.**
Kapitaalwinsbelasting (KWB) ✓ (1)
- 4.3.3 **Verduidelik kortliks die term *fiskale beleid*.**
Verwys na die gebruik van regeringsbesteding en belasting om die algehele vlakke van ekonomiese aktiwiteite te beïnvloed. ✓✓ (2)
- 4.3.4 **Verduidelik die verskil tussen *grondherverdeling* en *grondrestitusie*.**
Grondrestitusie fokus daarop om grond aan hulle regmatige eienaars te gee wat met geweld verwyder is of van hul grond onteien is weens historiese ongeregtighede, ✓ terwyl grondherverdeling het ten doel om grond te herverdeel van groot grondeienaars (ryk elite) na kleiner skaal boere, landelike gemeenskappe of grondlose mense. ✓ (2)
- 4.3.5 **Hoe kan 'n minimumloon die ekonomie bevorder?**
- Help om armoede en inkome-ongelykheid in 'n gemeenskap te verminder. ✓✓
 - Met 'n hoër minimumloon, sal werkers meer besteebare inkomste hê om te bestee op goedere en dienste wat die ekonomie sal laat styg. ✓✓
 - 'n Minimumloon kan help om stres te verminder, verbeter geestelike en fisiese gesondheid en verhoog algehele welstand. ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

4.4 Onderskei tussen *finale goedere* en *intermediêre goedere*.

Finale goedere

- Goedere wat bedoel is vir die direkte verbruik of gebruik deur die eindverbruikers. ✓✓
- Voldoen aan die finale vraag van verbruikers. ✓✓

- Voorbeelde: kos, klere, motors, slimfoon, TVs, ens. ✓✓

Intermediêre goedere

- Is goedere wat gebruik word as insette in die produksieproses om finale goedere te skep. ✓✓
- Is nie bedoel vir direkte verbruik nie. ✓✓
- Voorbeelde: rou materiaal (staal, katoen, koring, komponente (enjin, motorbande, skerms), semi- afgewerkte goedere ens. ✓✓

(8)

4.5 Waarom is dit noodsaaklik om mikroleners te reguleer?

Dit is noodsaaklik om mikroleners te reguleer:

- beskerm leners deur te verseker dat mikro-uitleners funksioneer ✓✓
deursigtig en regverdig, om buitensporige tariewe, verborge fooie en misleidende bemarking te voorkom. ✓✓
- bevorder verantwoordelike uitleenpraktyke, soos assessering van die lener se kredietwaardigheid en vermoë om te betaal. ✓✓
- help om te verhoed dat leners baie skuld aangaan, wat die risiko van wanbetaling verminder. ✓✓
- help om te verseker dat mikro-uitleners in die behoeftes van lae-inkomste huishoudings en klein ondernemings voorsien, wat finansiële insluiting en ekonomiese ontwikkeling bevorder.
- onwettige aktiwiteite soos geldwassery en bedrog in die mikroleningsektor te voorkom.

(Aanvaar enige ander relevante antwoord.)

(Allokeer 'n maksimum van 2 punte vir blote lys of opnoem van feite.)

(8)
[40]

AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae vanuit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Vergelyk en kontrasteer die Suid-Afrikaanse gemengde ekonomie met die van 'n sentraal-beplande ekonomiese stelsel. (26 punte)
- Evalueer die regering se effektiwiteit in die lewering van sosiale dienste aan plaaslike gemeenskappe. (10 punte) **[40]**

INLEIDING

'n Gemengde ekonomiese stelsel is 'n ekonomiese stelsel wat die voordele van beide vryemark en sentraal beplande stelsels kombineer. Sedert 1994, het Suid-Afrika 'n gemengde ekonomiese stelsel gekies. ✓✓
(Aanvaar enige ander relevante inleiding.)

GEMENGDE EKONOMIE	SENTRAAL BEPLANDE EKONOMIE
Eienaarskap ✓	
<ul style="list-style-type: none"> • Verbruikers, vervaardigers en organisasies besit die meeste produksiefaktore, die staat mag, nietemin, 'n beduidende deel besit. ✓✓ • In Suid-Afrika, besit die regering grond en kapitaal deur sy ondernemings soos Transnet, Telkom, Poskantore, Eskom, Denel, SAUK en Rand Water. ✓✓ 	<ul style="list-style-type: none"> • Die regering besit beheer die produksiefaktore. Arbeid, egter, word nie besit nie, maar beheer deur die regering. ✓✓ • Daar is geen private eiendomme nie (grond en kapitaal) dit is genasionaliseer, onteien of gekonfiskeer deur die regering. ✓✓
Motivering ✓	
<ul style="list-style-type: none"> • In die private sektor van gemengde ekonomie, word verbruikers en produsente gemotiveer deur eie belang. ✓✓ • Daar word egter aanvaar dat die openbare sektor gemotiveer word deur die noodsaaklikheid om die sosiale behoeftes van die gemeenskappe te bevredig. ✓✓ 	<ul style="list-style-type: none"> • Daar word aanvaar dat die deelnemers onselfsugtig is, en hul motivering is om saam te werk vir die gemeenskaplike doel van die gemeenskap. ✓✓ • Die stelsel vereis ondergeskiktheid, gehoorsaamheid en dissipline aan die kant van die individu tot voordeel van die staat en die gemeenskap. ✓✓

Beplanning ✓	
<ul style="list-style-type: none"> In 'n gemengde ekonomie het ons 'n sentrale beplanningsgesag. ✓✓ Alle ekonomiese sektore volg die ekonomiese plan van die regering om sy teikens en doelwitte te bereik. ✓✓ 	<ul style="list-style-type: none"> 'n Beplanningsproses word gebruik om die hulpbronne te allokeer. ✓✓ Die regering, as die beplanningsgesag, lei vervaardigers in wat om te produseer, lei arbeid na werk en lei ook verbruikers na wat om te verbruik. ✓✓
Besigheidskommeling ✓	
<ul style="list-style-type: none"> Oplewering en insinkings in die besigheidsiklus kan gelyk gemaak word en die regering werk daaraan om 'n stabiele ekonomie te skep. ✓✓ 	<ul style="list-style-type: none"> Besigheidskommeling word deur die regering beheer deur sy beheer van beleggings en verbruikersbesteding. ✓✓
Mededinging ✓	
<ul style="list-style-type: none"> Daar is hoë vlakke van mededinging wat besighede meer innoverend maak om hul produkte en dienste te verbeter om voor te bly teen mededingers. ✓✓ 	<ul style="list-style-type: none"> Mededinging onder vervaardigers word ontmoedig. ✓✓
Volle indiensneming ✓	
<ul style="list-style-type: none"> Volle indiensneming in die gemengde ekonomie is 'n teoretiese konsep waar alle beskikbare hulpbronne benut word, en almal wat gewillig en in staat is om te werk, in diens geneem word. ✓✓ In 'n gemengde ekonomie, speel die regering 'n belangrike rol in die regulering van die ekonomie en om markmislukkings te adresseer wat kan help om volle indiensneming te bereik. ✓✓ 	<ul style="list-style-type: none"> Volle indiensneming word bereik deur die arbeidsmag na ekonomiese aktiwiteite te rig, selfs al is die arbeidsmag se prestasies nie ten volle produktief nie. ✓✓ Alle werkers wat hulle arbeid gebruik, word in diens geneem al is dit onwinsgewend, want hulle mag beter wees in ander produktiewe aktiwiteite. ✓✓
Herverdeling van inkomste ✓	
<ul style="list-style-type: none"> Die regering van 'n land met 'n gemengde ekonomie kan korrektiewe maatreëls instel om rykdom meer billik te versprei. ✓✓ 	<ul style="list-style-type: none"> Die verspreiding van inkomste is meer gelyk en billik verdeel. ✓✓
Massaproduksie ✓	
<ul style="list-style-type: none"> In 'n gemengde ekonomie, speel die regering 'n belangrike rol in die regulering en leiding van die ekonomie, terwyl private ondernemings en markkragte innovering en groei dryf, wat lei tot massa-produksie. ✓✓ 	<ul style="list-style-type: none"> Massaproduksie is bereik deur verskillende produsente te lei om slegs een produk elk te vervaardig. ✓✓ Hierdie resultate is ekonomiese skaalvoordele. ✓✓

Keuses ✓	
<ul style="list-style-type: none"> • 'n Gemengde ekonomie voorsien 'n wye verskeideheid van produkte en dienste van die publieke en private sektore en gee die verbruikers 'n keuse om te kies wat hulle behoeftes en voorkeure pas. ✓✓ • Besighede het die vryheid om nuwe ondernemings te begin, om goedere en dienste te innoveer en te lewer wat voldoen aan die vraag in die mark. ✓✓ 	<ul style="list-style-type: none"> • Verbruikers het relatief min keuses. ✓✓ • Werkers kan werkgeleenthede geallokeer word in sekere beroepe of geografiese gebiede. ✓✓ • Daar is geen meganisme waardeur ondernemings meeding om verskillende tipes van dieselfde goed te verskaf nie. ✓✓ <p>Toustaan is die reël en wat beskikbaar is om te koop is in die meeste gevalle van swak gehalte. ✓✓</p>

Ekonomiese groei ✓	
<ul style="list-style-type: none"> • Die regering gebruik effektiewe monetêre en fiskale beleide om maksimum ekonomiese groei en deurlopende stabiliteit in pryse te verseker. ✓✓ 	<ul style="list-style-type: none"> • Ekonomiese groei word dikwels in die gedrang gebring in sentraal beplande ekonomie as gevolg van ondoeltreffende toewysing van hulpbronne. ✓✓ • Soos die ekonomie groei, word hulle meer kompleks, en hoe meer kompleks die ekonomie is, hoe moeiliker is dit om die toewysing van hulpbronne doeltreffend te beplan. ✓✓
Ekonomiese besluite ✓	
<ul style="list-style-type: none"> • Ekonomiese besluite word gesamentlik deur regering en private sektore gemaak ✓✓ 	<ul style="list-style-type: none"> • Ekonomiese besluite word gemaak deur die sentrale regering. ✓✓
Markte en pryse ✓	
<ul style="list-style-type: none"> • Markte en pryse word beïnvloed deur regering en staatssektore. ✓✓ 	<ul style="list-style-type: none"> • Markte en pryse word beheer of gereguleer deur die regering. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord.)

(Allokeer 'n maksimum van 8 punte vir blote lys en voorbeelde.)

LIGGAAM: ADDISIONELE GEDEELTE

- Evalueer die regering se effektiwiteit in die lewering van sosiale dienste aan plaaslike gemeenskappe.
- Die regering se dienslewering aan plaaslike gemeenskappe is effektief omdat:

Positiewes:

- Suid-Afrika het 'n omvattende maatskaplike welsynsbeleidsraamwerk, insluitend die Nasionale Ontwikkelingsplan en Maatskaplike Ontwikkelingsplan ✓✓
- Sosiale dienste soos toelae, gesondheidsorg, en onderwys, is wyd beskikbaar wat 'n groot gedeelte van die bevolking dek. ✓✓
- Die regering het 'n verbintenis tot maatskaplike beskerming getoon met die fokus op kwesbare groepe, insluitend kinders, mense met gestremdhede en bejaardes. ✓✓
- Die staat probeer om voorheen benadeelde gemeenskappe op te hef deur maatskaplike dienste aan die armes te verskaf (soos behuising, onderwys, mediese dienste, basiese dienste soos water en elektrisiteit). ✓✓
- Toename in onderwys en opleiding om geletterdheid te verhoog en volwasse geletterdheid te verbeter, bv. bou van skole, kolleges, universiteite en teknikons ✓✓
- Gesondheidsorg sluit nou gratis gesondheidsorgdienste vir almal in, wat die NGV insluit, wat onlangs deur die President onderteken is. ✓✓
- Die Nasionale Gesondheidsversekeringsprogram (NGV) is 'n belangrike stap om te verseker dat alle inwoners toegang het tot kwaliteit gesondheidsorg, ongeag hulle inkomste en sosiale status. ✓✓
- Oordragbetalings, soos sosiale sekuriteitsvoordele, welsynsbetalings, en belastingkrediete is effektiewe maniere wat die regering gebruik om rykdom te hervedeel en ondersteuning aan inwoners in nood te bied. ✓✓
- Oordragbetalings word gemaak sodat die gemarginaliseerdes hul basiese behoeftes en begeertes kan bekostig. ✓✓

Negatiewes:**Die regering se doeltreffendheid in die sosiale lewering aan plaaslike gemeenskappe is belemmer deur:**

- Burokratiese rompslomp, korrupsie en onvoldoende infrastruktuur wat doeltreffende dienslewering belemmer. ✓✓
- Beperkte finansiële hulpbronne, onvoldoende menslike hulpbronne, en onvoldoende infrastruktuur wat dienslewering belemmer. ✓✓
- Beduidende ongelykhede wat bestaan in dienslewering tussen stedelike en landelike gebiede, met landelike gebiede wat dikwels onvoldoende dienste ontvang. ✓✓
- Die staat skiet tekort aan sy teikens met betrekking tot staatspensioene, ongeskiktheidstoelae, ens. as gevolg van ondoeltreffende administratiewe prosesse of burokrasie en onvoldoende befondsing of begrotingstoewysings. ✓✓
- Die staat staar tans die werklikheid in die gesig van te veel eisers en te min belastingsbetalers wat finansiële druk op die regering plaas en belastingslas van bestaande belastingsbetalers verhoog. ✓✓

- SA het laer vlakke van geletterdheid in landelike gebiede, dit veroorsaak lae vlakke van indiensneming in hierdie gebiede, vandaar moet SA hulle geletterdheidsvlakke verbeter. ✓✓
 - Totale besteding op gesondheid het gedaal van R65,4 biljoen in 2021/2022 tot R62,2 biljoen in 2024/2025. ✓✓
 - Die kwessie van sosiale beskerming (sosiale welsynstoelae) raak onvolhoubaar soos die belastingbasis nie voldoende is om by te hou by die stygende vraag na toelae. ✓✓
 - Sommige landelike gemeenskappe benodig nog steeds lopende water, basiese sanitasie en infrastruktuur. ✓✓
 - Daar is hospitale wat met waterprobleme sit en dit is 'n aanduiding van swak dienslewering aan die gemeenskap. ✓✓
 - Daar is baie goeie dokters in S.A, maar baie swak werkstoestande, hulle verlaat die land vir die VS, Kanada, VK ens. ✓✓
- (Aanvaar enige ander relevante antwoord). (Maks. 10)

SLOT

'n Gemengde ekonomie vereis goeie bestuur om potensiële slaggate te vermy, sowel as 'n goed implementeerde gemengde ekonomiese stelsel wat 'n stabiele en voorspoedige ekonomiese omgewing skep wat individuele vryheid met sosiale verantwoordelikheid balanseer. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante slot van hoër orde.)

(2)
[40]

VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES**40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek volledig die eienskappe van ontwikkelende lande.**
- **Hoe kan menslike en natuurlike hulpbronne gebruik word om ekonomiese ontwikkeling te verseker?**

INLEIDING

'n Ontwikkelende land is 'n soewereine staat met 'n minder ontwikkelde nywerheidsbasis en laer Menslike Ontwikkelingsindeks (MOI) relatief met ander lande. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding.)

Lae lewenstandaard ✓

- In ontwikkelende lande is daar hoë vlakke van armoede met swak lewenstandaard soos behuising en plaaslike dienste soos elektrisiteit, water, sanitasie en verwydering van vullis. ✓✓
- Inkome per kapita in ontwikkelende lande is omtrent 'n vyfde van die ontwikkelde lande en dit beteken dat mense nie in staat sal wees op eiendom, dienste en motors te koop nie. ✓✓
- Daar is oor die algemeen 'n groot gaping tussen ryk en arm met 'n groot persentasie van die bevolking wat onder die broodlyn leef. ✓✓
- Mense in ontwikkelende lande het 'n lewensverwagting van 52 jaar of minder waar mense in ontwikkelde lande vir gemiddeld 75–80 jaar leef. ✓✓

Lae vlakke van produktiwiteit ✓

- Benewens die lae lewenstandaard word ontwikkelende lande begroet met die volgende eienskappe soos lae vlakke van produktiwiteit begroet. ✓✓
- Die hooforsake van lae vlakke van onderwys vlakke in hierdie lande, is 'n tekort aan investering in fisiese kapitaal soos masjinerie, tekort aan ervare bestuur en tekort aan toegang tot tegnologie. ✓✓
- Bykomend tot hierdie faktore, 'n gebrek aan goeie openbare gesondheidsdienste, sowel as onvoldoende drinkwater, sanitasie, afvalverwydering, lei alles tot 'n hoë voorkoms van waterdraende en ander oorgewingsiektes, wat lei tot swak gesondheid onder werkers ✓✓

Hoë bevolkingsgetalle en afhanklikheidslaste ✓

- Ontwikkelende lande het gewoonlik 'n hoë bevolkingsgroeikoers as gevolg van hoë geboortekoers ✓✓
- Geboortekoers in ontwikkelende lande is gewoonlik tussen 30 tot 40 per 1 000, waar dit in ontwikkelde lande minder as die helfte van hierdie getalle is. ✓✓
- Die krugboortekoers is een van mees effektiewe maniere om te onderskei tussen die ontwikkelende van die meer ontwikkelde lande. ✓✓
- 'n Hoë bevolkingsgroeikoers veroorsaak verskeie probleme soos werkloosheid, druk op behuising, onderwys en gesondheidsdienste. ✓✓
- Verder, moet die arbeidsmag in ontwikkelende lande amper twee keer meer kinders en ou mense ondersteun as in ryker lande. ✓✓
- Kinders, sowel as ouer mense word gewoonlik na verwys as ekonomiese afhanklikheidslas omdat hulle die nie-produktiewe lede van die gemeenskap is. ✓✓
- Hulle moet finansieël deur die land se arbeidsmag onderhou word. ✓✓
- Die afhanklikheidslas verteenwoordig een derde van die bevolking van ontwikkelde lande, maar amper 45% van die bevolking van die minder ontwikkelde lande. ✓✓

Hoë vlakke van werkloosheid ✓

- Lae vlakke van onderwys en opleiding en entrepreneurskapkennis dra by tot hoë vlakke van werkloosheid. ✓✓
- Arbeid word onderverbruik in ontwikkelende lande in vergelyking met ontwikkelde lande. ✓✓
- Ten einde die vinnige bevolkingsgroei te akkommodeer, is dit belangrik om baie nuwe werkseleenthede te skep – 'n doel wat gewoonlik nie bereik word nie. ✓✓

Afhanklikheid van die primêre sektor ✓

- Ontwikkelende lande se ekonomie is gewoonlik afhanklik van landbou of die primêre sektoraktiwiteite, bv. vissery. ✓✓
- 'n Hoë gedeelte word in die primêre sektor in diens geneem met baie minder werkseleenthede buite die sektor. ✓✓
- So laat as 1960, het uitvoere van primêre sektor se produkte vir meer as 84% van alle uitvoere van ontwikkelende lande gesorg. ✓✓
- In gedeeltes van Afrika, is grond gemeenskaplik en baie min gebruik gemaak van moderne landboutegniese en tegnologie. ✓✓
- Landbouproduksie tot gevolg het dat klein surplusse te koop aangebied word. ✓✓
- Alhoewel landbouproduksie in Afrika daal, sal uitvoere van landbouprodukte die Afrika-ekonomie oorheers en landbou vir meer as 70% van indiensneming verantwoordelik wees. ✓✓

Gebrekkige infrastruktuur ✓

- 'n Groot probleem in die meeste ontwikkelende lande is infrastruktuur soos paaie, kragopwekkings fasiliteite en kommunikasiestelsels is wat gewoonlik swak of glad nie onderhou word nie. ✓✓
- Die tekort aan infrastruktuur veroorsaak swak toegang tot markte. ✓✓
- Die herstruktureringsoogings het gehelp om openbare skuld te verminder, bevorder swart ekonomiese bemagtiging en verhoogde mededinging. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord.)

(Mak. 26)

ADDISIONELE GEDEELTE**Hoe kan menslike en natuurlike hulpbronne gebruik word om ekonomiese ontwikkeling te verseker?**

- Natuurlike hulpbronne word ontgin deur primêre sektor aktiwiteite, wat werksgeleenthede skep, inkomste genereer, geleenthede vir ongeskoolde en halfgeskoolde werkers. ✓✓
- Produksie maak staat op natuurlike hulpbronne, skep uitvoergeleenthede wat werksgeleenthede bied wat die lewenstandaard verbeter. ✓✓
- Suid- Afrika verdien baie inkomste uit die toerismebedryf as gevolg van die beskikbaarheid van natuurlike hulpbronne (omgewing) wat eenkant gesit word vir toerisme attraksies, verbeter die lewenstandaard van individue in diens geneem deur die toerismebedryf. ✓✓
- Investerings in onderwys- en opleidingsprogramme verbeter vaardighede en kennis, en verhoog produktiwiteit en mededinging. ✓✓
- Bemoedig doeltreffende gebruik van natuurlike hulpbronne, vermindering van afval en bevordering van volhoubare verbruikspatrone. ✓✓
- Verseker toegang tot kwaliteit gesondheidsorg wat produktiwiteit in die werkplek bevorder. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord.)

(10)

SLOT

Ontwikkelende lande staan betekenisvolle uitdagings in ekonomiese groei en ontwikkeling in die gesig, en om hierdie uitdagings aan te spreek en vereis 'n omvattende benadering wat die diversifisering van ekonomie en die bevordering van industrialisasie insluit. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante slot van hoë-orde.)

(2)

[40]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150